



Pre-Primaire Skool

www.psjf.co.za - e pos saailand@psjf.co.za

Jim Fouche

Saailand

Tel / Faks 051 522 5637

Nerina 1A Gardeniapark, Bloemfontein

REëLS EN REGULASIES 2026

1 AANSOEKE EN REGISTRASIE:

Maak asseblief seker dat u aansoekvorm volledig ingevul is en dat al die verlangde dokumente aangeheg is, anders kan u aansoek nie verwerk word nie.

Duidelike afskrifte van die volgende dokumente moet asseblief u aansoek vergesel:

- Ouers se ID dokumente
- Kleuter se geboortesertifikaat
- Immuniseringskaart (Verpligtend, stuur asb ook die blad met die leerder se naam op). Indien 'n leerder nie in besit is van 'n immuniseringskaart nie, versoek die skool 'n doktersbrief ter bevestiging.

Indien enige kontak besonderhede van u of u gade deur die jaar verander, laat weet die kantoor skriftelik asseblief. Die besonderhede is van kardinale belang in krisis tye.

Epos asb aansoeke terug na **saailandantonette@gmail.com** of u kan dit by die kantoor inhandig.

Sodra u aansoek verwerk is sal u telefonies in kennis gestel word of daar plek beskikbaar is aldan nie. Die kantoor sal u plek finaal met u bevestig, dan eers sal die registrasiefooi van **R350** betaalbaar wees om u kleuter se plek vas te maak. **Die bewys van betaling moet asseblief per epos gestuur word.**

Neem kennis dat ons jaarlikse verwelkomingsaand vir nuut ingeskryfde leerders en ouers in November plaasvind. U sal telefonies uitgenooi word na die geleentheid.



2 SKOOLFOOIE 2026:

(Jaarlikse prysverhoging op skoolgelde)

Die skool kan net 2 opsies aan u bied t.o.v. skoolfonds, halfdag of voldag.

KABOUTERKLAS (4 tot 12 Maande)

Bepaal oor 11 maande, wat **vakansiesorg** uitsluit. Indien u belangstel, sien **VAKANSIESORG** vir meer inligting. (Des geen vakansiesorg) Bring eie melk, sap & doeke. Stuur eie kos saam volgens u baba se ouderdom. U moet asb per epos aan die hoof bevestig sodra u baba gereed is om oor te skakel na Saailand se kossies.

Peuters Voldag:

(Etes ingesluit)

R32 109 per jaar

R2 919 x 11 maande

Peuters Halfdag:

(Etes ingesluit)

R23 562 per jaar

R2 142 x 11 maande

APIEKLAS (1 – 2 jaar)

Bepaal oor 11 maande, wat etes insluit en vakansiesorg is uitgesluit. Indien u belangstel, sien **VAKANSIESORG** vir meer inligting. (Des geen vakansiesorg) (Bring eie melk, sap en doeke.)

Peuters Voldag:

(Etes ingesluit)

R32 109 per jaar

R2 919 x 11 maande

Peuters Halfdag:

(Etes ingesluit)

R23 562 per jaar

R2 142 x 11 maande

PEUTERS (2 – 3 jaar)

Bepaal oor 11 maande, wat etes insluit en vakansiesorg is uitgesluit. Indien u belangstel, sien **VAKANSIESORG** vir meer inligting. (Des geen vakansiesorg) (Bring eie water en doeke.)

Peuters Voldag:

(Etes ingesluit)

R32 109 per jaar

R2 919 x 11 maande

Peuters Halfdag:

(Etes ingesluit)

R23 562 per jaar

R2 142 x 11 maande

KLEUTERS

Kleuters van ouderdom 3jr wordende 4jr tot Graad R. Kleuters moet reeds van doek af wees.

Vakansiesorg is uitgesluit, indien u belangstel, sien **VAKANSIESORG** vir meer inligting.

Graad R en Kleuters Voldag:

(Etes ingesluit)

R32 109 per jaar

R2 919 x 11 maande

Graad R en Kleuters Halfdag:

(Etes uitgesluit)

R21 252 per jaar

R1 932 x 11 maande

(Kleuter eet pap tuis & bring kosblik. Skool gee sap)

SKOOLFOOIE IS STRENG VOORUITBETAALBAAR VOOR DIE 7de VAN ELKE MAAND. HUIDIGE OUERS BETAAL HUL EERSTE PAAIEMENT VOOR DIE 7 DE JANUARIE EN ALLE NUWE AANSOEKE MOET HUL EERSTE BETALING VOOR OF OP 7 DESEMBER DOEN NADAT AANSOEK GOEDGEKEUR IS. OM PLEK TE VERSEKER. LAASTE MAAND MOET 7 NOVEMBER BETAAL WEES.

Die begroting word bereken volgens die skoolgeld vir die jaar per kind. Die bedrag is groot en om dit vir die ouers moontlik te maak word hierdie bedrag in maandelikse paaie mente verdeel. U moet jaarliks aansoek doen vir maandelikse afbetaling. Dokument

sal verskaf word. Indien u die jaarlikse skoolfooi voor of op 7 Februarie vereffen kry u 5% korting op die totaal.

2.1 BETALINGS & BANKBESONDERHEDE:

- Bankoorplasing (EFT) (Naam, Van en Verwysing)
- Aftrekorder/Debietorder (Vorm word deur u by u bank ingevul, met verwysing asseblief)
- Geen kaart fasiliteit by skool nie.
- **Geen kontant inbetaling by bank nie asseblief. Kennis ontvang van ABSA dat vanaf 1 Januarie 2017 'n kontantdepositofooi gehef gaan word op alle kontantdeposito's. Die koste sal van ouer verhaal word op leerder se rekening.**
- **GEEN KONTANT HANTERING BY DIE SKOOL NIE.**

ABSA Bank Brandwag
Rekening naam: Saailand Pre-primêr
Rek Nr: 157 085 00 55
Tak Nr: 334 334
Tipe rekening: Tjekrekening
ONTHOU ASSEMBLIEF: KLEUTER SE NAAM, VAN EN VERWYSING bv. BetsSmitSkoolfonds / BetsSmitBakkers

- Ouers ontvang nie state deurlopend die jaar nie, slegs as u 'n staat per epos versoek.
- Indien u 'n rekeningstaat verlang moet u aansoek doen per epos: saailand@psjf.co.za
- Indien u van enige probleem op u staat bewus word, kontak finansies, sodat regstelling gedoen kan word.
- Neem kennis dat enige krediet op u skoolrekening slegs uitbetaal word wanneer die leerder die skool verlaat. Krediete word oorgedra na die opvolgende jaar.
- Indien skoolrekening langer as 60 dae uitstaande is word die rekening onmiddellik oorhandig sonder ouer kommunikasie.
- Aansoek om subsidie slegs vir Graad R leerders, dokumente kan vanaf Januarie 2026 by kantoor afgehaal word. Dokument voorsien alle inligting.

2.2 VAKANSIESORG:

Vakansiesorg is addisioneel vir alle kleuters en peuters. Indien u belangstel moet die kleuter/peuter se plek bespreek en betaal word, voor die afsnydatum soos deurgegee op die vakansiesorgbrief. Plek kan slegs bespreek en betaal word vir die volle duur van die vakansie. Ongelukkig nie net vir 'n gedeelte van die vakansie nie. Geen kleuters kan ongelukkig na die bepaalde afsnydatum geakkommodeer word nie. Kansellasies sal slegs op mediese gronde gedoen word en 'n mediese sertifikaat word vereis. Handig na die vakansie by die kantoor in.

Tariewe = **R95 per dag.**

Bv. 10 Skoolvakansie dae x R95/dag = R950

NB: Daar sal elke kwartaal 'n opname van vakansiesorg gemaak word. Kleuters, peuters & babas wie se skoolfonds nie aan die einde van die kwartaal op datum betaal is nie, kwalifiseer nie vir vakansiesorg nie. Sou die opname van vakansiesorg se getalle min wees, neem kennis dat ouderdomme bymekaar geplaas moet word.

Desember – Geen vakansiesorg

2.3 KANSELLASIES OF VERANDERINGE:

Indien die kleuters die skool verlaat, of daar veranderinge is (bv. voldag na halfdag) moet daar 'n maand skriftelik kennis gegee word by die kantoor. **Geen** kansellاسies of veranderinge in die **4de kwartaal** nie. Rekening sal vir die volle jaar gehef word. Slegs onvoorsiene omstandighede sal in aanmerking geneem word.

2.4 AGTERSTALLIGE SKOOLFOOIE:

GEEN grasie sal verleen word vir agterstallige skoolfonds nie. Indien u laaste waarskuwing ontvang, sal slegs 2 weke gegun word om rekening ten volle te vereffen. Daarna sal die rekening dadelik aan ons prokureurs oorhandig word sonder verdere kennisgewing.

3 SKOOLURE:

Aankoms en ontbyt 07:00 tot 08:00

GEEN onbyt word na 08:00 meer bedien nie.

Skoolure moet asseblief stiptelik nagevolg word, omdat ons volgens 'n program werk. Alle leerders kan dus van **7:00 to 08:00** afgelaai word.

ASSEBLIEF NIE LATER AS 08:00 NIE.

Hekke sal dus van 08:00 – 12:30 gesluit wees. In 'n noodsituasie kan met die kantoor gereël word. Vanaf 13:30 sal hekke almal weer gesluit wees.

Vertrektye:	Halfdag	13h00 tot 13h30
	Voldag	NIE LATER AS 17h30

Boete van R80 sal gehef word vir laatkommers. Na die derde oortreding sal die boete verdubbel.

Veiligheid van ons kleuters is baie belangrik. Indien kleuters deur ander persone as wat gereël is afgehaal word, moet dit per epos deurgegee word aan die skoolhoof, andersins moet daar telefonies met die kantoor gereël word. Kleuters sal nie sonder toestemming oorhandig word nie.

4 KOMMUNIKASIE:

4.1 TELEFOON

Personeel mag ongelukkig nie selfone gebruik gedurende die dag by die skool nie. Skakel gerus die kantoor om boodskappe vir hulle deur te gee.

4.2 WHATSAPP KLASGROEPE

Daar sal in die nuwe jaar WhatsApp klasgroepe geskep word deur die klasjuffrou. Dit is baie belangrik dat u moet seker maak dat u kontakbesonderhede korrek is. Alle kommunikasie sal op die groepe geplaas word, hetsy op watter groep die inligting toepaslik is.

4.3 KLAGTES, KOMMUNIKASIE, VERSOEKE ENS.

Alle kommunikasie, klagtes asook versoeke moet asb via epos gerig word aan die hoof: saailandantonette@gmail.com

Geen WhatsApp boodskappe na die skoolhoof se selfoon nie. Kommunikasie is oorweldigend en alle epos kommunikasie sal aandag geniet.

5 MEDIKASIE :

Die Departement verbied skole om medikasie aan te hou en toe te dien. Dit is om ouers, personeel en kinders teen misbruik te beskerm. Slegs in uitsonderlike gevalle waar medikasie lewensbelangrik is, moet dit deur 'n dokter skriftelik bevestig word. Die mediese verslag moet by die skool ingedien word. Baie belangrik - **GEEN** medikasie wat in skooltyd toegedien moet word, mag in 'n kleuters se tas geplaas word nie. Die medikasie moet persoonlik by die klasjuffrou ingehandig word om toegesluit te word. Ouers moet asseblief die medikasie register teken. Alle toonbank-medikasie moet deur ouers tuis gegee word.

- 5.1 Indien 'n kleuters tydens skoolure siek word sal ouers geskakel word om die kleuter af te haal. Ons mag nie meer medikasie gee nie, ook nie koorsmedikasie nie.
- 5.2 Kopluise kom van tyd tot tyd voor in alle skole oor die hele land. Ons sal weekliks die koppe nagaan om verspreiding te voorkom. Ons vra begrip indien u die kind onmiddellik moet kom haal. Dit is om verspreiding te voorkom en kan enige kleuter oorkom. Na behandeling moet die haarlyn skoon wees. Alle neute moet met 'n fyn kammetjie uitgekam word.
- 5.3 Ouers sal ook geskakel word indien u kleuter moontlik 'n aansteeklike kindersiekte het. Ooginfeksie, masels, waterpokkies ens. is hoogs aansteeklik en moet kleuter dadelik afgehaal word, om verspreiding te voorkom. Maak asseblief seker van die tydperk gekoppel aan aansteekbaarheid. Ons benodig ook 'n mediese sertifikaat asseblief.

6 KLEREDRAG:

Gemaklike ontspanningsdrag - nie beste klere nie. Alle klere moet asseblief gemerk wees. Dogtertjies moet asseblief kort broek of lyfkous (skipants) onder hul rokkies dra. Leerders kan ook die JF sporthempie aantrek. Graag motiveer ons ouers om die JF sporthempie aan te koop by die verskaffer. Ons wil dit graag die hempies infaseer en dit verpligtend maak vir leerders om te dra Maandae, Woensdae en Vrydae.

Hempies kan aangekoop word by Sandro Embroidery

Tel: 051 522 9725

Adres: 41 Chris van Niekerk Laan, Generaal De Wet.

Voorraad sal beskikbaar wees van vroeg Januarie 2026. Geriewe om hempies aan te pas is beskikbaar. Kaartbetalingsfasiliteite is beskikbaar en kontant sal ook aanvaar word.

Somer: Kaalvoet

Winter: Tekkies of skoene verpligtend

Stuur asseblief altyd ekstra stel klere in tas vir onvoorsiene omstandighede. (Alle ouderdomme selfs vir die Graad R leerders).

Geen juwele word in die skool toegelaat nie. Slegs klein knoppie oorbelletjies. Daar bly daagliks verlore klere agter op die speelgrond en in die klasse. Ons kan nie verantwoordelikheid neem as dit weg raak nie. Al die verlore klere wat nie afgehaal word nie, sal aan die einde van elke kwartaal aan liefdadigheid geskenk word.

- 7 **'n TASSIE** is verpligtend om benodighede in te sit. 'n Ekstra stel klere in die tas is baie belangrik vir alle ouderdomsgroepe.

8 VERVERSINGS:

8.1 **HALFDAG KLEUTERS (Peuters se kos is ingesluit)**

Kleuters nuttig onthyt tuis. Kleuters bring eie gesonde kospakkie vir verversingstyd.

Kospakkie mag bestaan uit:

Broodjie, kaas, vrug, vleisie ens.

NB: **GEEN** lekkergoed, skyfies, koekies of koeldrank (sap, gaskoeldrank of melk) nie.

Sap word deur skool verskaf. Kleuters mag slegs water saam bring.

8.2 VERJAARSDAE:

GEEN verjaarsdagpartytygies word in die klas by die skool gehou nie. Die verjaarsdagmaatjie kan tydens die verversingstyd vir die betrokke klas iets bring wat bestaan uit enige van die volgende:

- 'n klein pakkie met lekkergoed, skyfies ens.
- "Cup Cakes"
- 'n Groot koek wat gedeel kan word vir die kleuters in die klas.

8.3 NEEM VAN VERJAARSDAGFOTOS

'n Klasjuffrou sal graag moeite doen vir 'n ouer mits hy/sy 'n kamera saamstuur skooltoe. Let dringend op dat slegs die verjaarsdag maatjie alleenlik afgeneem mag word. Geen leerder mag afgeneem word met 'n klasjuffrou se privaat toestel of telefoon en aangestuur word nie.

9 BAKKERSDAG:

Bakkersdag is 'n verpligte projek. Bakkersdag is 'n geleentheid vir die kleuter om blootgestel te word aan die koop en verkoop van goedere. Elke kleuter kry ongeveer een beurt om op 'n Vrydag eetgoedjies te bring, om aan sy maatjies speel-speel te verkoop. (Hy speel die rol van die bakkersman/vrou)

Elke Mamma kry dus 'n beurt om een keer 'n jaar vir die klas se kleuters iets te bring ter waarde van +- R6.00 per kind en dan op die betrokke dag wat Bakkersdag reflekteer op kalender na die skool te stuur. Elke ouer kan by die betrokke klas kies watter datum vir hulle geleë sal wees.

Ons sluit kontant hantering uit op Saailand perseel. Dit is vooruitbetaalbaar en moet asseblief apart inbetaal word met sy eie verwysing aan die begin van elke kwartaal. Dit veroorsaak verwarring indien dit saam met skoolfonds inbetaal word. Dit moet asseblief per EFT in die skool se rekening betaal word. Bakkersdae se datums vir al 4 kwartale sal in die begin van die jaar deurgegee word. Onthou asseblief verwysing: Voorletter, Van & Bakkers.

Dit is elke assistent se plig en verantwoordelikheid om die inbetalings van die bakkersdag in te vorder. Gee asseblief bewys van betaling aan assistent by u klas. Gee asseblief u as ouer se samewerking in die afhandeling van bakkersdag betalings.

10 KOEKVERKOPING

Ons hou 1 keer 'n kwartaal koekverkoop. Altyd 'n hoogtepunt op die kalender. Alle leerders neem deel aan die geselligheid. Let asb dat baba en peuterklasse deelneem, maar dat die leerders nie vir hulself aankope doen nie. Klasjuffrouens koop namens die klein maatjies. (Kabouter, Apie, Koala & Dinoklas) Volhoubare toesig is vir ons 'n prioriteit.

Na kommunikasie wat ons vanaf ABSA bank ontvang het is ons verplig om die koekverkoop te verander na 'n kontantvrye geleentheid. Ons gebruik 'n kaartjie sisteem.

Die werkswyse is nou as volg:

Elke klasjuffrou ontvang 'n klaslys waarop sy kan afmerk watter bedrag die leerder mag spandeer, die bedrag wat die ouer benodig en die bedrag wat vir donasie aangewend mag word. Die totaal kan **gesamentlik ge-EFT word**. Elke ouer handig die betalingsbewys saam met die voltooide koekverkopingsvorm by die klasjuffrou in, sodat sy die kaartjies na die leerder kan

alokeer. Leerders sal die oggend van die koekverkoop hul kaartjies by die klasjuffrou ontvang. Ouers haal hulle kaartjies by die kantoor af die oggend van die koekverkoop.

Ouers moet asb nie eers die oggend van die koekverkoop daardie transaksie doen nie, dit moet reeds voor dan afgehandel wees vir alle voorbereiding en verpakking van kaartjies.

Indien u bank van die skool verskil kan dit tot 48 uur neem voor die betaling reflekteer op ons bank. **NB: Verwysing met inbetaling: KLEUTER SE NAAM, VAN & KOEK**

Ouers bring hanteerbare eetgoedjies wat vir ons kleuters interessant sal wees bv. kolwyntjies, donuts, vetkoekies, klein hotdogs, worsie in deeg, ens. of koeldrank. **Asseblief geen gekoopte lekkers nie.**

11 **SPEELGOED:**

Dit is baie belangrik dat kleuters nie eie speelgoed mag skool toe bring nie. Dit raak weg of breek en veroorsaak trane. Ons kan geen verantwoordelikheid neem daarvoor nie. Dit mag ook nie in die tas gebêre word nie.

12 **OPVOEDKUNDIG:**

Daar word 'n opvoedkundige program gevolg soos voorgeskryf deur die Departement van Onderwys. Elke kwartaal word spesifieke doelwitte aangeleer en leerders word daarvolgens geassesseer. 'n Verslag word aan die begin van elke nuwe kwartaal aan ouers gestuur.

Oueraand word gehou op die 2de Maandag na elke vakansie. Die verslag kan dan met die betrokke onderwyseres bespreek word, asook enige probleme wat ondervind word. Rapporte moet asseblief elke kwartaal geteken en teruggestuur word, anders kan die kleuter nie die volgende rapport ontvang nie. Alle rapporte sal aan die einde van elke jaar aan kleuters teruggegee word. Desember word die rapporte in die laaste week uitgegee. Datum sal deurgegee word op klasgroepe.

13 **BUITEMUURSE AKTIWITEITE:**

Slegs goedgekeurde buitemuurse aanbieders. Alle gelde moet asseblief direk by die betrokke instansie se bankrekening inbetaal word. **GEEN GELDE** word deur die skool of Juffrou ontvang nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid daarvoor nie.

14 **SAAILAND SPORT: RUGBY & NETBAL (Slegs op graad R leerders van toepassing)**

Netbal en rugby in skoolverband word afgerig deur Saailand personeel. Daar sal gepoog word dat graad R leerders 1 keer 'n kwartaal speelgeleentheid geniet.

15 **SAAILAND POM-POMS (Slegs op Graad R Dogters van toepassing)**

Pom-pom danse word afgerig deur Saailand personeel. Optree geleentheid sal voorsien word.

16 **KONSERT:**

Saailand se konsert strek oor 3 aande. Die peuterklasse (Kabouter, Apieklas, Dino en Koala) neem **nie** deel aan die konsert **nie**. Let wel dat daar slegs middagsorg tot **16h00** is vir **alle** Saailand leerders oor hierdie 3 dae van die konsert, aangesien alle personeel betrokke is by die voorbereiding van die konsert.

17 SAAILAND FOTOGRAAF:

Elza de Bruyn neem leerder foto's deurlopend die jaar. **Neem dringend kennis dat u nie verplig word om die dienste te gebruik nie.** Geen fotogelde of bestellings word deur die skool hanteer nie. Elza plaas 'n geseëldde houtboks voor in die kantoor. Ouers plaas geld saam met die bestelvorm wat hulle vooraf ontvang in 'n geseëldde koevert self in die boks. **Geen Whatsapp bestellings nie.** Indien fotogelde verkeerdelik in Saailand se rekening inbetaal word, gaan dit ongelukkig na die skoolrekening toe geallokeer word, geen uitbetalings nie.

Enige navrae moet direk met Elza gekommunikeer word. Kontak nr: 079 474 693 6

18 GEDRAGSKODE: (Graad R & Pre Graad R leerders)

Die samewerking van elke leerder, ouer en onderwyseres is noodsaaklik en daar moet doelgerig saamgewerk word om 'n gedissiplineerde omgewing daar te stel. Dissipline is daarop gemik om die Saailand kleuter ten beste vir die lewe voor te berei. Om te dissiplineer beteken om op te voed. Elke Graad R en Pre Graad R ouer sal die Dissiplinêre prosedure ontvang en daar word versoek dat u dit met u kind sal bespreek, sodat leerder dit kan verstaan en die gevolge van wangedrag begryp.

19 REëLS EN REGULASIES:

19.1 **SKOOL EN KLASREëLS**

- a) Skoolreëls is ontwerp om die algemene organisasie van die skool te reguleer, asook verhoudings tussen die skoolhoof, opvoeders en leerders. Klasreëls is ontwerp om in besonder uitvoering te gee aan die verhouding tussen opvoeders en leerders in die klaskamer en kan klaskamer - wisselwerking en – bestuur insluit;
- b) Leerders moet betrokke wees by die formulering van skool- en klasreëls en moet aan sulke reëls gehoor gee;

19.2 **VEILIGHEID EN VERSORGING VAN SKOOL EIENDOM**

Aangesien die skool daar is vir die gebruik van al die leerders wat die skool bywoon is dit die voorreg en verpligting van elke leerder om al die geriewe en toerusting te beskerm en versigtig te gebruik sodat andere wat na hulle kom ook die voorreg kan geniet. Die ouer of wettige voog van enigiemand wat opsetlik enige skool eiendom misbruik, beskadig of ontsier moet dit vervang of betaal vir die eiendom wat so beskadig is.

19.3 **SKOOLBYWONING**

Indien 'n leerder afwesig is moet sy/haar ouer of wettige voog die skool in kennis stel om die afwesigheid te verduidelik. Graad R leerders se skoolbywoning elke dag is verpligtend. Afwesighede word weekliks gelaai op SA-SAMS. Die departement verplig redes vir afwesighede. Gee redes deur vir klasjuffrou. Graad R is verpligtend.

19.4 **VERANTWOORDELIKHEID VAN OUERS TEN OPSIGTE VAN SKOOLREëLS**

Die finale verantwoordelikheid vir die gedrag van leerders berus by hulle ouers of voogde.

Daar word verwag van alle ouers om

- a) die skool te ondersteun en van leerders sal vereis word om alle skoolreëls en –regulasies na te kom en verantwoordelikheid te aanvaar vir enige wangedrag aan hulle kant; en

- b) 'n lewendige belangstelling in hulle kind se skoolaktiwiteite sal toon en dit vir die kind moontlik sal maak om addisionele aktiwiteite wat aan hom/haar opgedra is te ondersteun.
- c) ouervergaderings by te woon.

19.5 DISSIPLINE

Dissipline moet in die skool en die klaskamer gehandhaaf word om te verseker dat die onderrig van leerders sonder ontwrigtende gedrag en oortredings verloop. Die doel daarvan is om leerders selfdissipline te leer. Waar moontlik moet die ouer ingelig en betrek word by die verbetering van die leerder se gedrag. Leerders moet teen mishandeling deur volwassenes of ander leerders beskerm word.

Beperkings is die handeling om die aksies van leerders te beheer wanneer sodanige aksies andere of die leerders self skade kan berokken, of die regte van ander leerders of opvoeders kan skend. Opvoeders mag, waar nodig, redelike maatreëls toepas om 'n leerder te verhoed om homself/haarself of andere skade te berokken.

Elke opvoeder is te alle tye verantwoordelik vir dissipline by die skool en by skoolverwante aktiwiteite. Opvoeders het volle bevoegdheid en verantwoordelikheid om die gedrag van leerders te korregeer wanneer sodanige korreksie by die skool nodig is.

Ernstige wangedrag moet na die skoolhoof verwys word.

Enige korrektiewe maatreëls of dissiplinêre optrede moet strook met die misstap/oortreding. Korrektiewe maatreëls mag strenger word met verdere herhaaldelike oortredings. Skorsing of uitsetting uit die skool mag volg.

In gevalle waar 'n leerder nie by die skool kan aanpas nie en waar sy/haar gedrag afkeurenswaardig is in so 'n mate dit die regte van andere skend, sal hy/sy na die skoolhoof verwys word. Deur oorlegpleging met sy/haar opvoeder, skoolsielkundige of ondersteuningsdienste (waar toepaslik) en ouers, moet alle pogings aangewend word om hom/haar te laat aanpas. Indien al hierdie pogings faal, sal die skoolhoof die aangeleentheid na die bestuursliggaam verwys, wat 'n besluit mag neem wat in die beste belang van die leerder en die ander leerders in die skool sal wees.

19.6 STRAF

Straf is 'n korrektiewe maatreël of 'n bestraffing wat 'n oortreder, wat die gevolge van wangedrag moet verduur om sodoende die ordelike gemeenskap van die skool te handhaaf, opgelê word. Lyfstraf mag nie toegedien word nie.

In die geval van kleiner oortredings mag korrektiewe maatreëls toegepas word. Mondelinge waarskuwing of geskrewe berisping deur 'n opvoeder of die skoolhoof.

19.7 OORTREDINGS WAT TOT SKORSING MAG LEI

- Gedrag wat die veiligheid van ander in gevaar stel en hulle regte skend.
- Die besit, dreigement of gebruik van 'n gevaarlike wapen.
- Gevegte, aanranding of mishandeling.
- Oneerbiedigheid, afkeurendswaardige gedrag en beledigende taal wat teen opvoeders of ander werknemers van die skool of teen leerders gerig is.
- Herhaaldelike skending van skoolreëls of die gedragskode.
- Verontregting, afknouery en intimidering van ander leerders.
- Die bewustelike en opsetlike verskaffing van valse inligting of die vervalsing van dokumentasie om 'n onregverdigde voordeel by die skool te verkry.

19.8 SKORSING EN UITSETTING

'n Bestuursliggaam mag na 'n billike verhoor, enige leerder skors wat skuldig bevind is aan 'n oortreding van die bepalings in die reëls en regulasies.

20 RESPEK

Die grondslag vir goeie maniere is eintlik respek – jy moet respek vir jouself en ander hê. Respek het ook te doen met vriendelikheid. Geduld met 'n mooi glimlag, met 'n warm handdruk, met 'n sagtheid van taal en groet, met eerbied in houding, soms met min praat, met baie luister, met erkenning. Eerbied vir ander en hul waardigheid behels om jou woorde te tel, om sensitief te wees vir die een wat agterbly, wat arm is, wat gestremd is, wat oud is. Dit is om oop te wees vir die ander een in menslikheid, vir die ander as jou ewebeeld wat geregtig is op jou respek en erkenning. Saailand Pre-primêre skool leef en kweek respek in alle hoedanigheid. Elke Saailand personeellid, -ouer, en leerder handel met volhoubare respek in ons skool. **Enige kommunikasie probleem of struikelblok word met respek op 'n aanvaarbare wyse hanteer. Indien enige party onaanvaarbare gedrag openbaar of sonder respek optree sal die partye die skoolterrein geweier word.**

21 PERSONEEL

Die primêre onderwyseres is verantwoordelik vir die leerders se akademiese, fisiese en emosionele welstand en onderrig en alle assistente is hulp vir alle aktiwiteite en toesig. **Assistente is nie noodwendig gevestig in een klas nie, omdat hulle pligte nie net in een klas lê nie. Assistent rotasie vind daaglik plaas sodat daar in die totale behoefte van die skool voorsien kan word.**

22 SKOOLGEREEDHEIDSTOETSE EN WERKSWYSE: (Slegs toepaslik op Graad R leerders)

Ons streef daarna om elke leerder die beste moontlike geleentheid te bied om suksesvol na die formele skoolfase oor te gaan. Die Graad R-jaar speel 'n baie belangrike rol in die ontwikkeling van die vaardighede wat nodig is vir sukses in Graad 1. Dit kan gebeur dat die klasjuffrou met deurlopende assessering u kind kan identifiseer vir 'n skoolgereedheidstoets. Hierdie verwysing is nie 'n aanduiding dat u kind nie vordering toon nie, maar vorm deel van ons verantwoordelike proses om moontlike leerbehoefes vroegtydig te identifiseer.

Dit is baie belangrik om daarop te let dat nie alle Graad R-leerders hierdie assessering ondergaan nie. Slegs leerders wat deur die klasopvoeder op grond van professionele waarneming en assessering verwys word, word vir die toets aanbeveel.

Die doel van die skoolgereedheidstoets is:

- om u kind se huidige ontwikkelings- en skoolgereedheidsvlak te bepaal;
- om aanbevelings vir verdere ondersteuning en intervensie te maak waar nodig;
- om 'n professionele verslag saam te stel wat op die leerder se EDLAB-kaart geplaas kan word vir toekomstige verwysings en ondersteuning.

Indien 'n leerder later in die formele skoolfase akademiese struikelblokke ervaar, is 'n skoolgereedheid- of ontwikkelingsassessering dikwels die eerste stap in die identifisering van toepaslike ondersteuning. Deur hierdie assessering te doen, beskik die skool en ouers oor waardevolle inligting wat toekomstige ondersteuning kan vergemaklik.

Die Departement van Basiese Onderwys plaas toenemende klem op die vroeë identifisering van leerderondersteuningsbehoeftes en die implementering van gepaste intervensies om elke leerder optimaal te ondersteun. Hierdie assessering vorm deel van daardie ondersteuningsproses.

Wetgewende Verwysing: Hierdie verwysing geskied in ooreenstemming met die Departement van Basiese Onderwys se beleid wat die vroeë identifisering van leerderondersteuningsbehoeftes en gepaste intervensies bevorder. Die South African Schools Act, soos gewysig deur die Basic Education Laws Amendment (BELA) Act, 2024, sluit Graad R as deel van die verpligte skoolbywoning in en beklemtoon die belang van kwaliteit vroeë leerderondersteuning

Die volgende opsies sal beskikbaar wees:

a) Toetsing deur Hannelé Lubbe

Hannelé Lubbe, Sielkundige (BA, B.Ed, M. Ed) gaan die skoolgereedheidstoetse behartig. Ons is bevoorreg om van 'n gekwalifiseerde persoon gebruik te maak, wat hierdie assessering teen 'n spesiale koste van **R500** aanbied. Indien daar 'n tarief aanpassing plaasvind sal dit op die geskrewe verwysingsbrief aangedui word.

b) Toetsing deur Eksterne Persoon

U kind kan ook deur 'n ander Skoolsielkundige of Arbeidsterapeut getoets word. Epos asb die skoolgereedheidsverslag na afloop van die toets, sodat ons die uitslag kan liaseer.

23 GRAAD 1 INSKRYWINGS

Jim Fouché voorsien reeds in kwartaal 1, Graad 1 inskrywingsvorme aan Saailand. Graad R ouers teken op die klaslys vir die ontvangs van hierdie inskrywing. **U moet self u kind se graad 1 inskrywing persoonlik indien by die Laerskool se kantoor of u kan dit epos aan: nicole@psjf.co.za**

Geen Graad 1 inskrywings word by Saailand ingehandig nie.

24 BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING:

Blotlegging en toestemmingsvorm vir ouers en leerders is aangeheg aan die inskrywingsvorm, voltooi asseblief.

25 PARKERING NERINA STRAAT:

- 25.1 Die afdakke is slegs vir Saailand personeel. Ouers moet asseblief van die parkeerarea gebruik maak om die kleuters af te laai. Kyk asseblief net uit vir alle voetgangers wat daar loop.
- 25.2 Daar het klagtes gekom van die publiek dat die verkeer geblokkeer word. Daar is nie genoeg ruimte om weerskante van die straat te parkeer nie. Gebruik asseblief die straat as 'n eenrigting, vanaf Wilde-Als na Nerina Straat. Ons weet dit is 'n probleem, maar ons vra elke ouer se samewerking.
- 25.3 Kleuters moet by die betrokke klas onder toesig gelaat of gehaal word. **GEEN** kleuter mag by die hek afgelaai word nie.
- 25.4 Indien iemand anders as die Ouers die kleuter afhaal (broer, suster ens.) vereis ons asseblief 'n **skriftelike toestemmingsbrief** van die ouers.

- 25.5 Kleuters/peuters moet asseblief nie sonder volwasse toesig wees buite skoolgronde nie.
- 25.6 Ouers moet asseblief verantwoordelik optree ten opsigte van ons kinders se veiligheid buite Saailand se skoolhekke. Die verkeer is besig in oplaai en aflaai tye en is dus 'n groot verantwoordelikheid. Indien 'n ouer boetie of sussie leerders afhaal moet hulle verantwoordelik handel in die uitdaging.
- 25.7 Leerders moet aan die sypaadjie se kant uit en in die motor gelaai word, nie aan die traatkant nie. Hanteer asb die skoolhekke met respek – hekke moet nie toegeslaan word nie.

26 PARKERING LAVENDER STRAAT:

- 26.1 Die ouers van die volgende klasse is **verplig** om die aflaai-punt in Lavenderstraat te gebruik.
- | | |
|----------------|----------------|
| • Kabouterklas | • Dinoklas |
| • Apieklas | • Meerkatklas |
| • Koalaklas | • Pikkewynklas |

Geen leerder van ander klasse sal by daardie hekke ingelaat word nie.

26.2 Die aflaai-punt moet soos volg gebruik word:

- Beweeg na aflaai-punt in Lavenderstraat slegs vanaf Gardeniastraat.
- Aflaai-punt is in Lavenderstraat voor Saailand Pre-primêr se skoolhekke.
- Nadat leerder afgelaai is by skool word u verplig om die uitgang, soos aanwysingsborde aandui, te volg na regs in Kamillestraat. Beweeg dan met Begoniastraat terug tot in Gardeniastraat.

LET WEL:

- Daar word dringend versoek om **nie af te beweeg in Lavenderstraat** wat lei na Jim Fouché Laer en Hoërskool nie, aangesien die verkeer reeds onder druk is.
- Ons vra ouersamewerking aangesien die veiligheid van al drie skole se leerders belangrik is.
- Indien daar opgemerk word of daar 'n aanmelding is dat ouers nie samewerking gee in die verband nie, sal u genader word deur die komiteede wat al drie skole verteenwoordig.

27 AFVAL MATERIAAL

Bring asb afval materiaal wat uit huishoudings weggegooi word en by die skool gebruik kan word vir skeppende aktiwiteite, veral ook wit papier.

28 KANTOORURE:

Kantoorure: **07h30 - 13h00**

Skoolhoof beskikbaar per afspraak, van 9h00 tot 13h00. In 'n noodsituasie kan met die kantoor gereël word.

Antonette Du Plessis	Skoolhoof	saailandantonette@gmail.com
Ezaan Fourie	Finansies	saailand@psjf.co.za
Bernize du Plooy	Algemeen	Kantoor tel: 051 - 522 563 7

SAAILAND BENODIGHEDE LYS 2026

Die volgende benodighede is op alle Saailand leerders van toepassing: (Merk asb alles duidelik)

* Persoonlike kombersie eers vir die winterseisoen.

KABOUTERKLAS & APIEKLAS				
BABAS 4 - 12 MNDE / PEUTERS 1 - 2 JAAR	Eerste Kwartaal	Tweede Kwartaal	Derde Kwartaal	Vierde Kwartaal
	3 x Wetwipes 1 x Boks tissues 1 x Boudsalf 1 x Vloeibare handseep 1 x Pak doeksakkies	4 x Wetwipes 2 x Bokse tissues 2 x Pakke doeksakkies	4 x Wetwipes 2 x Bokse tissues 1 x Pakke doeksakkies	3 x Wetwipes 2 x Boks tissues 1 x Pakke doeksakkies
	Babas in Kabouter bring asb eie persoonlike beddegoed wat weekliks roteer. Babas bring ook krat met persoonlike speelgoed vir higiëniese doeleindes.			
PEUTERS 2 – 3 JAAR	Eerste Kwartaal	Tweede Kwartaal	Derde Kwartaal	Vierde Kwartaal
	2 x Wetwipes 2 x Toiletpapier 1 x boks tissues 1 x Boudsalf (doek peuters) 1 x Vloeibare handseep 1x Pak doeksakkies 1 x "Jumbo Koki's" 1 x Uitdraai kryte	2 x Wetwipes 2 x Toiletpapier	2 x Wetwipes 2 x Toiletpapier 1 x Boks tissues 1 x Vloeibare handseep	2 x Wetwipes 2 x Toiletpapier
KLEUTERS				
ALLE VOLDAG KLEUTERS & GRAAD R LEERDERS MOET ASB 'N DIK INKLEURBOEK BRING VIR MIDDAGSORG. MERK ASB MET NAAM EN VAN EN HANDIG IN BY KLASJUFFROU. (Dis 'n addisionele inkleurboek vir Graad R leerders en vorm nie deel van skryfbehoeftes pakket nie)				
KLEUTER 3 – 4 JAAR	Eerste Kwartaal	Tweede Kwartaal	Derde Kwartaal	Vierde Kwartaal
	1 x Vloeibare handseep 2 x Toiletrolle 1 x Boks tissues 1 x Wetwipes 1 x "Jumbo Koki's" 1 x Uitdraai kryte	4 x Toiletrolle 1 x Boks tissues	4 x Toiletrolle 1 x Boks tissues 1 x Vloeibare handseep	4 x Toiletrolle
KLEUTERS 4 – 5 JAAR	Eerste Kwartaal	Tweede Kwartaal	Derde Kwartaal	Vierde Kwartaal
	1 x Vloeibare handseep 2 x Toiletrolle 1 x Boks tissues 1 x "Jumbo Koki's" 1 x Uitdraai kryte	4 x Toiletrolle 1 x Boks tissues	4 x Toiletrolle 1 x Boks tissues 1 x Vloeibare handseep	4 x Toiletrolle
GRAAD R	Eerste Kwartaal	Tweede Kwartaal	Derde Kwartaal	Vierde Kwartaal
	1 x Vloeibare handseep 2 x Toiletrolle 1 x Boks tissues Graad R Skryfbehoeftes (addisioneel) 1 x 12 Dik kleur ▲ potlode. 1 x Dik grys ▲ potlood easy grip L/R 1 x 12 Dik Jumbo kleur koki's 2 x 12 Uitdraai kryte. 1 x Pritt 40g 1 x Inkleurboek Jumbo (304) 1 x Boontjiesakkie 1 x Springtou` 20 x Tellers 1 x Wit skryfbord (een kant witbord & ander kant swartbord.) 3 x Witbord merkers (groen, blou & rooi) 1 x Pakkie swartbordkryt gekleurd *Alles gemerk asb.	4 x Toiletrolle 1 x Boks tissues	4 x Toiletrolle 1 x Boks tissues 1 x Vloeibare handseep	4 x Toiletrolle
	Addisionele Skryfbehoeftes Pakket @ R380 beskikbaar by Esther 083 344 480 2			
	Edunation se pakket sluit 50 gratis naamplakkers in.			

**Somer Dagprogram: Graad R
Hondjeklas**

07:00 - 08:00	Aankoms en Ontbyt, Saniteer en Toiletroetine
08:00 - 08:50	Buitespel
08:50 - 09:05	Saniteer en Toiletroetine
09:05 - 09:25	Bybel, Nuus en Tema
09:25 - 09:45	Begeleide Aktiwiteit - Taal en Wiskunde
09:45 - 10:00	Saniteer en Toiletroetine
10:00 - 10:20	Happietyd
10:20 - 11:15	Skeppend
11:15 - 11:30	Saniteer en Toiletroetine
11:30 - 12:00	Begeleide Aktiwiteit - Musiek en Beweging
12:00 - 12:20	Storietyd
12:20 - 12:30	Saniteer en Toiletroetine
12:30 - 12:50	Middagete
12:50 - 13:00	Saniteer en gaan rus
13:00 - 13:45	Buitespel
13:45 - 13:50	Saniteer en Toiletroetine
14:00 - 15:00	Rustyd
15:00 - 15:30	Opstaantyd, Toiletroetine en Saniteer
15:30 - 16:00	Happietyd
16:00 - 17:30	Begeleide Aktiwiteit in die klas en Vertrek
Oggend Buitespel	Middag Buitespel
Week 1	Week 1
Maandag - 1	Maandag - 2
Dinsdag - 2	Dinsdag - 3
Woensdag - 3	Woensdag - 1
Donderdag - 1	Donderdag - 2
Vrydag - 2	Vrydag - 3
Week 2	Week 2
Maandag - 3	Maandag - 1
Dinsdag - 1	Dinsdag - 2
Woensdag - 2	Woensdag - 3
Donderdag - 3	Donderdag - 1
Vrydag - 1	Vrydag - 2

- 1 - Gr R terrein
2 - Jnr terrein
3 - Agter Meerkatklas en Netbalbaan

**Winter Dagprogram: Graad R
Hondjeklas**

07:00 - 08:00	Aankoms en Ontbyt
08:00 - 08:10	Saniteer en Toiletroetine
08:10 - 08:30	Begeleide Aktiwiteit - Bybel, Nuus en Tema
08:30 - 09:15	Buitespel
09:15 - 09:30	Saniteer en Toiletroetine
09:30 - 10:00	Begeleide Aktiwiteit - Taal en Wiskunde
10:00 - 10:25	Happietyd
10:25 - 10:40	Saniteer en Toiletroetine
10:40 - 11:40	Skeppend
11:40 - 11:50	Saniteer en Toiletroetine
11:50 - 12:10	Begeleide Aktiwiteit - Musiek en Beweging
12:10 - 12:25	Storietyd
12:30 - 12:50	Middagete
12:50 - 13:00	Saniteer en Toiletroetine
13:00 - 13:35	Buitespel
13:35 - 13:45	Saniteer en Toiletroetine
13:45 - 14:45	Rustyd
14:45 - 15:15	Opstaantyd, Toiletroetine en Saniteer
15:15 - 15:35	Happietyd
15:35 - 17:30	Begeleide Aktiwiteit in die klas en Vertrek
Oggend Buitespel	Middag Buitespel
Week 1	Week 1
Maandag - 1	Maandag - 2
Dinsdag - 2	Dinsdag - 3
Woensdag - 3	Woensdag - 1
Donderdag - 1	Donderdag - 2
Vrydag - 2	Vrydag - 3
Week 2	Week 2
Maandag - 3	Maandag - 1
Dinsdag - 1	Dinsdag - 2
Woensdag - 2	Woensdag - 3
